Organisasie lei duisende mense op

Esté Meyer Jansen

Die People Upliftment Programme (Pop-Up) het in die laaste ses jaar 2 100 mense tot bekering gebring.

Volgens Marlene Freislich, uitvoerende hoofbestuurder van Pop-Up, is dit maar net een van die daaglikse wonderwerke van die program. Pop-Up is 'n opleidingsprogram wat nie net die student met vaardighede vir die werksplek toerus nie, maar ook sorg vir hul geestelike en liggaamlike herstel. Oor dieselfde tydperk het 3 500 mense opleiding ontvang waarvan 95% die kursus, waarvoor hulle 'n slaagsyfer van 80% moet behaal, suksesvol voltooi het. Ongeveer 77% van hierdie studente is reeds in die werksplek geplaas.

Die organisasie het Saterdag 'n vroue-ontbyt by Utopia Place in Lynnwood aangebied waar 660 vroue die geleentheid gehad om meer van die projek te leer terwyl hulle lekker saamgekuier het en na 'n vertoning deur Juanita du Plessis geluister het.

Nerésa Bowen, strategiese kommunikasiebestuurder van Pop-Up saam met Juanita du Plessis.

Mimmy Mnisi, Lizbeth Makawane, (agter) Hilda Mangezi en Hendrick Mashale is studente van die Pop-Up-program en het tydens die ontbyt getuig watter positiewe invloed die program op hulle lewe gehad het.



Jean-marie Strydom, Erica Crowther, Hannah Bowen en Bianca Oosthuizen kon nie wag om Juanita te ontmoet nie.

Janine Joubert, Ronell Swart, Hanlie Broekman en Elaine Grift van die noorde van Pretoria.

Madleen van Zyl en Jeanette en Elscke van Staden van Centurion.